04

JAARGANG 23 | 11 APRIL 2025

# VRY POS

PAASTYD

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

**LOER | LEES | LUISTER | LEER**

NG Kerk Vrystaat

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Stéphan van der Watt
Enrico Casaleggio | Ethan Kleynhans
Martin Schwella | Leon M Foot
Juanita Meyer | Hannes du Plessis
*Kerkbode* | *Bybel-Media* | *CLF*
*VrydagNuus*, Kaapkerk | *LiG Tydskrif*
*Bybelgenootskap SA*

## PAASTYD

**Paastyd** verwys na die tydperk van die Christelike liturgiese jaar wat gesentreer is rondom die viering van Jesus se opstanding. Dit mag lyk of Paastyd eintlik 'n hartseer tyd is, omdat ons dink aan Jesus en wat Hy vir ons aan die kruis gedoen het. Maar Paastyd is eintlik 'n tyd van vreugde en hoop.
Dit herinner ons aan die liefde wat God vir ons het. Dit is daardie groot liefde wat Hom gedring het om Jesus te stuur sodat ons verlos kan word van sonde en die dood en weer in 'n verhouding met Hom kan staan.

*Oorgeneem: Bybelverse vir Paastyd, 3 April 2023, Risa Cronje*

## DAGBOEK DÍT

**RECEIVING NICAEA**
*On Creeds, Culture, and Christian Witness* | 1700 Years After a Council
**19 - 21 May 2025**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 25 April**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID**
**Gemeentes** | *Dewetsdorp sit skouer aan die wiel*

## ARTIKELS 05

05 | **VISIONERING**
**Moderamen** | *Welkom aan ons nuwe skriba, Hannes du Plessis*

06 | **VISIONERING**
**Vrouebediening** | *"Wees stil en weet ..." - Vroue-krag word innerlik versterk*

07 | **VENNOTE IN GETUIENIS**
**Missie Japan** | *Nuusflits - Vars begin, aanlyn en oraloor*

08 | **VENNOTE IN GETUIENIS**
**Islam Getuienisaksie** | *Dispute onder Mohammad* se leerlinge

09 | **ALGEMEEN**
**Teologiese Opleiding** | *Ontmoet die eerstejaars - Verhale van roeping en geloof*

10 | **ALGEMEEN**
**Algemeen** | *Ons Sinodale Kantoor onthou*

11 | **ALGEMEEN**
**Algemeen** | *Die Kruis: Jy wen deur te verloor*

## BLÊR-REEKS 2 13

**Die Verlore Skapie (12 stories)** | *4. Ons kerk*

## MEDIATEEK 15

**BOEK EN INVENTARIS**
**Howard du Toit** | *Die wins van Brugbediening. Tien praktiese voordele*

## UIT DIE FAKULTEIT 16

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**Juanita Meyer** | *My lewe in 'n reistas*

## VERJAARSDAE 17

## EKOLOGIE 18

**Aardedag** | *Ons vier Aardedag op 22 April*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 19

20 | **Receiving Nicea** | *19 - 21 May, Programme*
20 | **Pinksterreeks 2025** | *Nagedink oor Nicea*
21 | Advertensies

## OPLEIDING 23

## KERKBODE BROKKIES 24
## PUBLIKASIES 25

## WAT'S NUUS? 26
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 27

**Hannes du Plessis** | *Kerkwees op vlug*

## KONTAK ONS 30



# Dewetsdorp sit skouer aan die wiel

**Foto:** *Ons maak slaggate reg (verskaf)*

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID**
*Mariëtte Odendaal*

*"Hier is nou 'n projek wat goed afgeskop het en wat met behulp van elkeen wat kan bydra, van ons hele dorp 'n mooier omgewing sal maak tot voordeel van ons hele gemeenskap."*

*Willie Lombaard*

Die geskiedkundige Dewetsdorp is ongeveer 70 km suidoos van Bloemfontein geleë. Dis bees- en skaapwêreld waar mielies, hawer en radyse vir veevoer verbou word; 'n sterk boerdery-gemeenskap waarvan sommige al geslagte lank daar 'n bestaan voer. Dewetsdorp het ook onder andere vier sterk sportklubs met 'n paar lewendige sakeondernemings. Maar hoe gemaak as jy voor jou oë sien hoe jou geliefde dorp stelselmatig agteruitgaan en jy jou hart vashou vir wat gaan oorbly vir jou nageslag? Jy spring uit en begin sélf iets aan die saak doen.

En dit is presies wat die gemeenskap van Dewetsdorp onder leiding en inspirasie van hul Landbou-unie gedoen het. Ons het meer gaan uitvind by Willie Lombaard, afgetrede boer, 'n gebore en getoë Dewetsdorper.

**Willie, waarom het Dewetsdorp mettertyd so agteruitgegaan en wat was die gevolg daarvan?**

"Die verval van ons dorp is te wyte aan die gebrek aan voldoende munisipale fondse. Gevolglik gaan die strate tot niet, asook die elektriese drade en dorpsomheinings. Ons teerstrate lyk al hoe meer na grondstrate; iets wat ons nie kan toelaat nie. "Ons het dus besluit om ons moue op te rol en ons dorp begin herstel ter wille van ons kinders en hul nageslag."

Lees meer »

# NUUT AANLYN

新着オンライン

## Missie Japan se nuwe webtuiste, **missionjapan**, is nou aanlyn!

Kom besoek ons nuutste webtuiste, missionjapan, en ontdek alles oor ons missie en projekte! Moet dit nie misloop nie – gaan kyk nou aanlyn!



**missionjapan.co.za**




**BESOEK HIER**

mission ミッション missie JAPAN

"For we do not preach ourselves, but Jesus Christ as Lord, and ourselves as your servants for Jesus' sake."
2 Corinthians 4:5

**COMPELLED BY CHRIST'S LOVE TO BE BRIDGE BUILDERS IN JAPAN**

# Welkom aan ons *nuwe skriba*, Hannes du Plessis

**VISIONERING**
Moderamen
*Mariëtte Odendaal*




Veels geluk aan ds Hannes du Plessis wat verkies is om vanaf 1 Maart as die nuwe skriba van die NG Kerk Vrystaat-moderamen diens te doen. Hy is die leraar van die NG Gemeente Universitas-Wes asook die uitvoerende amptenaar van Visionering.

Hannes is aangestel in die plek van dr Leon Foot wat op 28 Februarie vanjaar bedank het sodat hy volledig op sy pos as uitvoerende amptenaar van die NG Kerk Vrystaat se Bedieningsbegeleiding kan fokus.

***Ons het meer gaan uitvind oor wie Hannes du Plessis is.***

## Hannes, vertel ons meer van jouself. Waar het jy grootgeword, skoolgegaan, opleiding gekry en gewerk?

"Ek is op Bethal in Mpumalanga gebore, maar my eerste herinnering is van 'n klein dorpie in die Vaalharts-skema in Noordwes genaamd Magogong. My pa was stasiemeester by die Suid-Afrikaanse Spoorweë, so ons het gereeld verhuis."

**Lees** meer »

# “Wees stil en weet ...”

# Vroue-krag word innerlik versterk

**VISIONERING**
Vrouebediening
*Mariëtte Odendaal*

*“Na die naweek kon ons terugkeer na ons daaglikse lewe, werk en gesinne en die geraas van elke dag, maar nou met ’n innerlike krag en stilte wat slegs teen God se Vader-bors en aan Jesus se voete verkry kan word.”*

***Béneli Pretorius***
*Voorsitter: Vrouediens, NG Kerk Vrystaat*

Vroue is wêreldwyd dikwels die ruggraat van enige gesin, gemeenskap en veral gemeente. Dit is dan maklik om te verval in ’n mallemeule van huishoudelike, gesins- en gemeenskapsverantwoordelikhede, om nie eens te praat van hul beroepe nie.

Daarom is dit so belangrik dat elke vrou ten minste twee maal per jaar tot rus kan kom op ’n plek ver van haar huis, werk en gemeenskap waar haar batterye net weer ’n slag geestelik gelaai kan word.

En dit is presies wat die NG Kerk Vrystaat se Vrouediens vanaf 21 tot 23 Februarie gedoen het toe 190 vroue uit 46 Vrystaat-gemeentes asook een gemeente van die Ring van Dordrecht in die Oos-Kaap ’n toerustingsgeleentheid by Amanzi, net buite Brandfort bygewoon het.

*Ons het meer gaan uitvind by Béneli Pretorius, voorsitter van die Vrouediens.*

**Béneli, waarom het julle besluit om die geleentheid by Amanzi aan te bied?**

“Die omgewing leen hom daartoe om afgesonder en in ’n rustige omgewing, weg van die stadslawaai, te ontspan. Die natuur laat ’n mens besef hoe groot ons Skepper is. Jy hoor weer die voëltjies in die oggend sing en verwonder jou aan die natuur. Die wegbreek het ons ook gehelp om op die verrigtinge van die naweek te kon fokus.”

**Wat het julle laat besluit om Stephan Joubert as spreker uit te nooi?**

“Stephan is ’n teologiese reus wat sy kennis op so ’n praktiese en eenvoudige manier met mense deel dat hulle werklik Jesus beleef en raaksien in sy menswees.”

Lees meer »



***Foto’s** verskaf*

mission ミッション missie JAPAN

VENNOTE IN GETUIENIS
Missie Japan
*Dr Stéphan van der Watt*

# Nuusflits

## Vars begin, aanlyn en oraloor

*Ek gebruik nie gewoonlik onnodig baie uitroeptekens in sinne nie, maar wees gewaarsku, hierdie nuusflits is 'n uitsondering!*

Die **wêreld kom Osaka** toe, op ons voorstoep, binne 5 dae. Daar is vars energie oral in die lug! Dit voel kompleet soos 'n sprokieswêreld van pienkwit (kersie)bloeisels net waar kyk. Vir party Japanners bring dit 'n tikkie verligting te midde van hemelhoë rys pryse (tans gemiddeld R113 per kilogram!) en die nagmerrie van Trump tariewe. Onder dié uitdagings het alles en almal ontwaak uit 'n lang winterslaap en is nuwe lewe in oorvloed oral om ons.

In die nuusflits vier ons hierdie seisoen van groei en nuwe begin. Buiten die (akademiese) jaar wat in April afgeskop het vir ons nuwe studente by **ons kweekskool in Kobe**, was daar ook 'n rits gaste by ons aan huis met die draai van die Sakura seisoen.



***Foto**: Buiten die (akademiese) jaar wat in April afgeskop het vir ons nuwe studente by **ons kweekskool in Kobe**, was daar ook 'n rits gaste by ons aan huis met die draai van die Sakura seisoen (verskaf).*

**Lees** meer »



# iSLAM

# Dispute onder Mohammad se leerlinge

Die eerste Koran-openbaring het na Mohammad gekom rondom die jaar 610 nC. Hy het tydens die daaropvolgende twee dekades baie verse aan sy sekretarisse en metgeselle gegee om te memoriseer en op te teken. Hierdie verse is geskryf op stingels van palmblare, bene van dooie diere, plat klippe en ander materiaal. Daar was geen volledige manuskrip van die Koran gedurende hierdie tyd nie[1].

Die opteken van die Koran het opgehou toe Mohammed gesterf het in die jaar 632. Kort na sy dood moes kalief Abu Bakr 'n rebellie onderdruk. Hy het baie *huffaz* (mense wat gedeeltes van die Koran gememoriseer het) gestuur om te veg by die Slag van Yamama. Baie van hierdie *huffaz* het gesterf, en Moslem-bronne leer dat, met die afsterwe van hierdie mense, gedeeltes van die Koran vir ewig verlore was:

Ibn Abi Dawud sê in Kitab al-Masahif: *"Baie (van die gedeeltes) van die Koran was bekend aan diegene wat op die dag van Yamama gesterf het ... maar hulle was nie bekend (aan diegene wat) die slag oorleef het nie. Daardie gedeeltes is ook nie neergeskryf nie, en Abu Bakr, Umar of Uthman het ook nie op daardie stadium die Koran versamel nie. Die Koran was ook nie in besit van 'n enkele persoon ná hulle nie. Abu Bakr het besluit dat dit tyd was om te versamel wat van die Koran oorgebly het om te verhoed dat nog meer verlore gaan, en hy het Zaid ibn Thabit vir hierdie taak aangestel. Nadat Zaid sy kodeks in omstreeks 634 nC voltooi het, het dit in Abu Bakr se besit gebly tot sy dood. Dit is toe aan kalief Umar gegee. Toe Umar gesterf het, is dit aan Hafsa, 'n weduwee van Mohammed, gegee* (sien Sahih al-Bukhari 4986).

Tydens kalief Uthman se bewind, ongeveer 19 jaar na die dood van Mohammad, het dispute ontstaan oor die korrekte voordrag van die Koran. Uthman het beveel dat Hafsa se kopie van die Koran, saam met alle ander bekende teksmateriaal, bymekaar gemaak moes word sodat 'n amptelike weergawe saamgestel kon word.

Zaid ibn Thabit, Abdullah bin az-Zubair, Sa'id bin al-As en Abdur-Rahman bin Harith het ywerig gewerk om 'n hersiene teks van die Koran te konstrueer. Toe dit klaar was, *"het Uthman na elke Moslem-provinsie 'n kopie gestuur van dit wat hulle gekopieer het, en beveel dat al die ander Koran-materiaal, hetsy dié wat in fragmentariese manuskripte of hele kopieë geskryf is, verbrand moes word"* (Sahih al-Bukhari 4987).

**Lees** meer »

*[1] Inligting vir hierdie artikel kom meestal uit* ***David Wood*** *se publikasie Christian Essential Series: The History of the Quran, wat in 2020 deur Ad Luceum uitgegee is.*

---

Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Hierdie artikel handel oor die stryery wat plaasgevind het tussen Mohammad se eerste volgelinge oor wat in die Koran hoort en wat nie. Dit onderstreep maar net dat daar van die begin van Islam geen konsensus was oor wat in die "oorspronklike" Koran hoort en wat nie.

# Ontmoet die eerstejaars

## Verhale van roeping en geloof

**ALGEMEEN**
Teologiese Opleiding
*Ethan Kleynhans*

***Foto's** verskaf*



***Mia de Jager***



***Isaiah Garber***



***Jan-Hendrik Malan***



***Pieter le Roux***

Elke jaar betree 'n nuwe groep eerstejaars die wêreld van teologiese studie – jongmense wat die stem van 'n roeping gehoor en die moed het om daarop te reageer. Vir sommiges was dit 'n geleidelike reis, vir ander 'n skielike insig, maar vir almal is dit 'n pad van geloof, ontdekking en groei. Hier is die verhale van 'n paar van 2025 se eerstejaar-teologiestudente, elkeen met 'n unieke storie, maar 'n gedeelde passie vir die evangelie.

### Mia de Jager

*'Vrees moet jou nie stop nie'*

In die ruimtes van 'n musiekklas, tussen die note van 'n viool en die ritme van 'n debat, het Mia de Jager haar stem gevind. Gebore in 2005 en gevorm deur die gange van Primêre Skool Willem Postma en Meisieskool Oranje in Bloemfontein, het sy haarself in woorde en melodieë uitgedruk – 'n kind van taal en kultuur.

Dit was hierdie liefde vir die geskrewe en gesproke woord wat haar aanvanklik na joernalistiek gelei het, 'n keuse wat op papier reg gelyk het, maar in haar hart leeg gevoel het.

As eerstejaarstudent in Potchefstroom het Mia haarself dikwels in die kerk van die Kandelaar studentegemeente bevind, waar sy die onbekende aanskou het: 'n vrou op die kansel, 'n predikant met 'n stem wat resoneer. Dit was hier waar 'n gesprek oor 'n koppie koffie met ds Sanré Benadé 'n nuwe moontlikheid oopgevou het; een wat haar aanvanklik bang gemaak het. "Vrees moet 'n mens nie stop nie," het sy besef, en met hierdie wete het sy teruggekeer Bloemfontein toe, nie as 'n student wat verdwaal het nie, maar as iemand wat haar pad gevind het.

**Lees** meer »



NG Kerk Vrystaat

# **Ons** *Sinodale Kantoor* **onthou**

**ALGEMEEN**
*Mariëtte Odendaal*

*Het julle geweet dat die **NG Kerk Vrystaat** die enigste sinode is wat nog nooit 'n predikant as saakgelastigde (later genoem direkteur van administrasie en finansies) aangestel het nie? By al die ander sinodes word predikante gewoonlik in dié pos aangestel.*

*Vir die volgende vyf weke kan julle nog meer interessante stories uit die sinodale kantoor van die afgelope meer as drie dekades lees. Ons het gaan hoor wat die vyf saakgelastigdes van die afgelope halfeeu, Piet Coetzer, Hennie van der Walt, André Esterhuizen, Hennie de Lange en die huidige, Adriaan de Ruiter, te vertel het.*

Soos enige boer, skoolhoof of bestuurder van 'n suksesvolle sakeonderneming weet, is daar baie werk wat agter die gordyne gedoen moet word om jou besigheid op ge-oliede wiele te hou. Gesonde finansies en menseverhoudinge is maar net enkele van die vele uitdagings wat voortdurende aandag vereis.

Lees meer »

***Foto's** verskaf*






# Die Kruis

## *jy wen deur te verloor*

**ALGEMEEN**
*Mariëtte Odendaal*



***"Hulle sal Hom aanskou vir wie hulle deurboor het."***

***Johannes 19:37***

*Die kruis as simbool van die Christendom leer ons dat jy wen deur te verloor – deur jouself te 'verloor' wen jy 'n heel nuwe, opgestane lewe in Christus.*

Wat het Jesus nou eintlik gedoen wat so verskriklik was dat hy uiteindelik aan die kruis vasgespyker is?

As ons in hierdie Lydenstyd by die gebeure van Jesus Christus se kruisiging stilstaan, sal dit dalk goed wees om 'n slag aandag te gee aan die historiese redes waarom Hy daar beland het.

As ons die geskiedenis wat oor dié gebeure opgeteken is, nagaan, dan lees ons van 'n liefdevolle mens wat binne-in sy eie godsdiensgroep hernuwing wou bring – wat die idee van 'n straffende, kontraktuele God wou omkeer na 'n liefdevolle en genadige God. Hy het die liefde, vergifnis en barmhartigheid van God kom beklemtoon en dit veral aan die randfigure van die samelewing kom bewys deur sy respek en agting vir hulle – iets wat baie mense vrygemaak het sodat hul lewens drasties verander het. Ons lees talle voorbeelde daarvan in die vier Evangelies.

**Lees** meer »

NG Kerk Vrystaat SCHINK JONK CLF Publishers Uitgewers


**R150 per boek**

# DIE VERLORE SKAPIE

BLÊR


deur MARTIN SCHWELLA






## Die Verlore Skapie

https://shop.clf.co.za/product/die-verlore-skapie/




## The Lost Little Lamb

https://shop.clf.co.za/product/the-lost-little-lamb

# BOEKE NOU AANLYN TE KOOP

NAVRAE | skakel@ngkvs.co.za

# Die Verlore Skapie

Blêr

deur Martin Schwella

## Ons kerk

Dit is Sondag in Blêrfontein. Dit is vroegoggend, en al wat gehoor kan word, is die voëltjies wat tjirp en sing in die vars oggendlug.

Oral in die strate van Blêrfontein staan motors van al die besoekers wat die skaatsplanktoernooi bygewoon het en oornag het. Party het in gastehuise oorgebly; ander het gaan kamp by die dorp se kampterrein.

Daar onder in die straat kom Tjoppie aangerol op sy skaatsplank met sy trofee onder sy arm – Tjoppie is die nuwe skaatsplankkampioen van Blêrfontein. Daar vanuit die systraat kom Leon aangestap.

“Blêr!” groet hulle mekaar, en dan beweeg hulle saam verder in die straat af. Dit is amper tyd vir die erediens.

Leon en Tjoppie is eerste by die kerk. Hulle het afgespreek om mekaar so vroeg daar te ontmoet.

“Blêr! Skud jou wolle rond! Blêr! Skud jou wolle rond!” sing en dans hulle twee op die kerkpaadjie en op by die trappe. Die koster maak die deur oop.

“Môre, lammers!” groet hy hulle.

“Môre, Oompie!” groet Leon en Tjoppie terug terwyl hulle instap om hulle plek te gaan inneem.

Leon en Tjoppie sit in die kerkbanke en gesels oor al die groot oomblikke van die vorige dag. Soos wat hulle gesels, raak die kerkbanke vinnig voller.

Kyk wie kom daar – dit is dominee Armach Breytenblaf!

“Môre, môre!” groet hy terwyl hy na die preekstoel stap.

“Welkom, welkom hier by ons!” groet hy van die besoekers wat die diens kom bywoon het voordat hy by die preekstoel gaan staan. Leon en Tjoppie kyk na hom en raak opgewonde om vandag se boodskap te hoor. Maar toe hoor hulle ‘n bekende lag…

“Meh, eheheheh!” Dis Lambert!

Leon en Tjoppie kyk dadelik in sy rigting – die twee lyk sommer dadelik onrustig.

“Wat maak hy hier?” vra Leon effens ontsteld. Tjoppie frons.



**Luister hier**:
*Blêr | Ek behoort aan Jesus*

**Lees** meer »

# DIE WINS VAN BRUGBEDIENING

## TIEN PRAKTIESE VOORDELE








**Howard du Toit**

*AFRIKAANS / SAGTEBAND / BEDIENING*

"In ***Die wins van brugbediening*** bied Howard du Toit aan gemeentes tien praktiese voordele wat brugbediening vir 'n gemeente kan inhou. Deur die verhale te deel van gemeentes wat 'n sukses met brugbediening behaal het, gee hy hoop aan ander gemeentes wat ook in 'n oorgangstydperk is.

Spesiaal opgeleide brugpredikante gee aan gemeentes die geleentheid om hulle oorgangstydperk as 'n groeifase te ervaar. Brugbediening fokus dus nie in die eerste plek op probleme in die gemeente nie; die doel daarvan is eerder om gemeentes te begelei, te ondersteun en te help groei wanneer daar nie 'n vaste predikant in die gemeente is nie."

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
*Dr Leon M Foot*

Nagraadse Studies

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# My lewe in ’n reistas

Inspiring excellence. Transforming lives.



**Prof Juanita Meyer**
*Departement Praktiese en Missionale Teologie, UV*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | UNIVERSITY OF THE FREE STATE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT YUNIVESITHI YA FREISTATA UFS THEOLOGY AND RELIGION

## ’n Pastorale reis van genesing en hoop

Vir die afgelope ses jaar het ek die voorreg gehad om nie net noue bande te vorm met die personeel van Marthie du Plessis Skool en Engo Jeug nie, maar ook om my voorgraadse pastorale studente op ’n besondere reis te neem, na die verhale van kinders wat verwerping en trauma op verskeie vlakke ervaar. Jaarliks besoek ons leerders by Marthie du Plessis Skool en kinders wat gehuisves word deur ENGO Jeug, om ’n werkswinkel genaamd ‘My Lewe in ’n Reistas’ aan te bied.

Hierdie werkswinkel gebruik die metafoor van ’n (reis)tas om kinders te help om oor hulle lewensreis na te dink – waar hulle was, waar hulle nou is, en waarheen hulle op pad is.

Die graad 5-leerders van Marthie du Plessis Skool wat met leer- of fisiese gestremdhede leef, beleef dikwels verwerping of oordeel en uiteindelik ly hul selfbeeld en sin van selfwaarde daaronder. Soortgelyk, kom die kinders van ENGO Jeug, tussen 10 en 18 jaar oud, uit gebroke agtergronde en sukkel dikwels met ’n gevoel van verwerping en aanpassing in die kinderhuise en ’n vreemde omgewing.

Hulle ervaar groepsdruk, akademiese uitdagings en worstel met geloofsvrae oor God se teenwoordigheid tydens hulle swaarkry.

Die werkswinkel fokus spesifiek daarop om ’n veilige ruimte te skep waarbinne leerders oor hul selfwaarde en identiteit kan besin. Die studente begelei die kinders om hulle eie verhale te verken – om elemente te identifiseer waaraan hulle swaar dra en wat hulle groei belemmer, maar ook om die positiewe in hulle lewens te erken en te vier. Aktiwiteit is dus gefokus om oomblikke te skep van refleksie en heling deur die ‘saam reis’ deur elke kind se verhaal.

**Lees** meer »

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

**APRIL**

15 – Ds Willie Korb
ORANJEVILLE

16 – Ds André Botha
BETHLEHEM-OOS

19 – Mnr Tertius Botha
SINODALE KANTOOR

19 – Mev Celicia McLean
SINODALE KANTOOR

21 – Ds Fanus Henning
AANDBLOEM

22 – Mnr Josua Sebolai
MOOIGENOEG KAMPTERREIN



# Aardedag

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

**Of jy nou besluit om minder plastiek te gebruik, 'n boom te plant, water te bespaar, of bloot 'n oomblik te neem om God te loof vir die wonder van die skepping – elke klein aksie dra by tot 'n groter, gesonder toekoms vir ons planeet en vir geslagte wat ná ons kom.**

Op Dinsdag 22 April word daar wêreldwyd Aardedag gevier: 'n belangrike geleentheid wat mense regoor die wêreld jaarliks inspireer om hul verbondenheid met die skepping te herontdek en te herbevestig.


Die eerste Aardedag is in 1970 gevier; iets wat sedertdien ontwikkel het tot die grootste omgewingsbeweging ter wêreld. Vandag werk dit saam met meer as 75 000 vennote in meer as 190 lande om aksies te dryf wat 'n blywende positiewe impak op ons planeet het.

## Die doel van Aardedag

Dit is om diversiteit te bevorder, opvoeding te versterk en mense wêreldwyd te inspireer om as rentmeesters van die skepping op te tree.

**Lees** meer »

# AKTUEEL EN ALGEMEEN




**Leesstof vir Lydenstyd**

Lydenstyd is 'n seisoen van 46 dae waarin die kerk die lyding van Christus in herinnering roep en daarop reageer in voorbereiding op Paasfees. Lydenstyd wys by uitstek dat Christus in ons werklike nood ingedaal het. Verdiep jou begrip van, sowel as jou waardering vir, Paasfees met ons CLF-boeke, **klik hier**.





**Missio se ABC: Altyd en Bowenal Christus**

Gelowiges is gretig om nuwe uitdrukkingsvorme te vind vir die aanbidding waartoe God ons nooi. Maak seker jy het al die teologiese hulpbronne en materiaal om jou gemeente te help om hulle geloof uit te leef op 'n manier wat nuwe geesdrif sal aanwakker. Missio het alles wat jy hiervoor nodig het, en nog meer.


**Klik hier en teken vandag in by Missio.org.za**






**PROGRAMME**

*Registration for the Nicaea conference is now officially open. This event will take place from* ***19 - 21 May at the Faculty of Theology of Stellenbosch University****. This gathering commemorates the 1700th anniversary of the First Council of Nicaea and the ongoing significance of the Creed that bears the Council's name.*



CLF

**PINKSTERREEKS 2025**

# NAGEDINK OOR NICEA

*CHRIS WYERS*

**1700 JAAR SEDERT NICEA-BELYDENIS**

LAAI **PINKSTERREEKS** AF


Dis 1700 jaar sedert die opstel van die Geloofsbelydenis van Nicea, wat die wettiging van Christenskap in die Romeinse Ryk onder Keiser Konstantyn verteenwoordig.

Chris Wyers het 'n spesiale Pinksterreeks vir CLF saamgestel. Daar word gekyk na verskillende aspekte van die belydenis en gevra wat dit vir ons as gelowiges vandag beteken.

Vanaf Pinkstersondag, 1 Junie, is daar daagliks 'n toepaslike Skrifgedeelte, liturgiese voorstelle, vrae oor die teks om oor na te dink en in kleingroepe te deel, sake om oor te bid en aktiwiteite om te doen.

*(Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk)*


el, vertel!
PAKKET
WAS R690
NOU SL
R350
ele produkte se pryse is ook afgemerk


CLF'S
BOOK
CLUB
BOOK A MONTH CLUB
MEMBERS RECEIVE 50% DISCOUNT ON ANY ONE BOOK PURCHASE EACH MONTH
order@clf.co.za ● 021 873 6964


Buy a
Hosanna Tonic Solfa (any language)
for R195.50* and get a
Hosanna words in the same language
for free!
*Nett price, VAT included
1 February - 17 April 2025
While stocks last
HOSANNA
SPECIAL OFFERS
WORD & worship
was R550
NOW ONLY
R440*
20% OFF
*Offer valid while stocks last
Nett price. VAT incl. Postage excl.
Available at all CLF Bookshops -
https://shop.clf.co.za/contact-us/


bêre-tydskrif
vooraf hier!
ewone mense vertel hul
ories in hierdie spesiale
nstydskrif.
% afslag op die rakprys van
99, en aflewering is gratis!
winkelrakke vanaf 11 April.


MEESTERSTUK 4 KON
16 & 17 Mei 2025
LEOPARDS AND LACE
vanaf 17:30
BOER KRY S
Engo
R290


AKE A DIFFERENC
IN A CHILD'S LIFE
Become a Foster or Safety Parent for
Temporary Care of Vulnerable Kids
Engo


IN VOORRAA
Afrikaans 1933/1953
NASLAANBYBEL
40% AFSLAG
R192*
WAS R320
Afrikaans 1983
SAGTEBAND
R164
ELK*
40% AFSLAG
R792
40% AFSLAG
R359
www.bibleshop.co.
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika


*40% AFSLAG
Paasfees
BYBEL-
UITVERKOPING
1 MAART TOT 30 APRIL 2025
bybelgenootskap van suid-afrika
www.bibleshop.co.za
* Terwyl voorraad hou.


Deel die
Goeie Nuus
Sluit by die Bybel-per-Maand Klub aan en help die Bybelgenootskap om 'n Bybel beskikbaar te stel vir diegene wat nie een kan bekostig nie.
Vir slegs
R90
per maand
SLUIT AAN BY DIE KLUB!
bybel-per-maand klub
goeie nuus vir almal vir altyd






# HUIS VERGESIG

TEHUIS VIR BEJAARDES

## VERBLYF BESKIKBAAR

MOBIELE KAMERS

KLINIEK KAMERS


STEPDOWN EENHEID

WOONSTELLE

*GELEË IN DIE SUID-VRYSTAAT, ZASTRON DISTRIK*

MEER INLIGTING




*24-UUR HULP EN VERSORGING BESKIKBAAR BY DIE VERSWAKTE AFDELING*

**051 161 0060**

**vergesighuis@gmail.com**

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## UITDAGINGS: DIE GROOTMAAK VAN DOGTERS

15 April 2025

5 VBO-punte

R275 p/p
Aanlyn Zoom
Prof W Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +





## TRAUMA EN BYBELTEKSTE

16 April 2025

5 VBO-punte

R350 p/p
In persoon
Stellastraat, Pretoria

Lees meer +
**Registreer** +




## PATOS ONTMOETING MET HEILIGES

22 Mei 2025

VBO-punte

13:00 - 14:00
Aanlyn Teams
Dr Lisel Joubert

Lees meer +
**Registreer** +




## SPELTERAPIE VIR PREDIKANTE

28 - 30 Julie 2025

30 VBO-punte

R500 p/p
In persoon
NG Fontainebleau

Lees meer +
**Registreer** +

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



'Ek gee terug want #imagine het my lewe verander' – vertel een van vele jongmense wat verbeeldingryke 'beweging aan die gang hou'

*9 April 2025*
*Heléne Meissenheimer*
*Artikels, Gewild*



Só help gemeente in Pretoria huisma van organisasie wat vondelingbabas help

*9 April 2025*
*Annabelle Lombard*
*Artikels*




Ons het die kerk se hulp nodig met MIV/vigskrisis, vra aktivis

*26 Maart 2025*
*Heléne Meissenheimer*
*Nuus*



9 vrae aan Jan Lubbe ná Namibië besluit om uit verband te tree met Algemene Sinode en sodoende die samestellende sinodes van die NGK van 10 na 9 verminder

*22 Maart 2025*
*Le Roux Schoeman*
*Nuus*



Rektor van Hugenote Kollege bedank vir dapper leierskap deur lang loopbaan

*19 Maart 2025*
*Heléne Meissenheimer*
*Artikels*




Jaco Strydom gesels met Gerald Kamfer, 'n brugbouer uit die stofpad

*18 Maart 2025*
*Jaco Strydom*
*Artikels, Gewild*

Google Play kerkbode.christians.co.za App Store

Oorgeneem uit shop.clf.co.za


CLF PUBLISHERS UITGEWERS




R280

## Ars Moriendi


Die titel van hierdie boek — *Ars Moriendi — want jy kan die lavatory en die cemetery nie dodge nie* — sê alles oor sy kern. *Ars Moriendi* ("Die kuns van sterwe") is 'n begrip uit die 15de eeu wat handel oor hoe om met vrede oud te word en die einde te aanvaar. Die subtitel spruit uit 'n ervaring na aan Clifford Heys se hart en herinner ons daaraan dat, maak nie saak hoe hard ons probeer nie, die lewe sy gang gaan — en ouderdom en die dood wag vir ons almal.




R350

## Maar Verlos ons van die Bose!

In *Maar Verlos Ons van die Bose!* ondersoek Ernst Conradie die inhoud en betekenis van die Christelike boodskap van verlossing. Hy plaas dit binne die raamwerk van die langtermynimpak van imperialisme, slawerny en kolonialisme, die komplekse uitdagings van onreg, ongelykheid en geweld in die hede, en 'n toekoms wat deur klimaatsverandering bedreig word. Daar is immers genoeg voorbeelde van boosheid, sonde en ellende — die moeras waarin die wêreld vasgevang is. Kan die boodskap van verlossing daarin nog 'n verskil maak? Dit hang af van hoe ons verlossing verstaan.




R295

## Bakengemeentes

*Bakengemeentes: Nagedink oor Roeping en Getrouheid* is gebaseer op oorspronklike navorsing binne die NG Kerk en bied insig in hoe gemeentes aanpas by veranderende omstandighede. Die werk sluit kwalitatiewe en kwantitatiewe empiriese data in, versamel deur die NG Kerk se Algemene Taakspan Navorsing, en staan in gesprek met die 2030-droomscenario wat na afloop van die Algemene Sinode van 2019 geformuleer is. Met verhale van 26 gemeentes, sowel as insigte uit die Kerkspieël- en Predikante-paneel-vraelyste, bied hierdie boek 'n ryk bron vir nadenke oor temas soos roeping, missionale leierskap, armoede en welwese, pastorale uitdagings en sosiale innovasie.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

VAKATURES

AFLOS

kerkbode

Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

DAGBOEK

woes@mweb.co.za
023 342 6030

VAKATURES

AMPTELIK

## VRYSTAAT PREDIKANTENUUS

**BEROEP** | **Ds Waldemar Stumpfe** van die NG Gemeente Ficksburg het die beroep na die NG Gemeente Biggarsbergvallei (Dundee) aanvaar. Sy bevestiging het op Sondag, 6 April 2025 plaasgevind.

**BEVESTIGING** | **Prop Izanne Ellis** het die beroep na Vaalwater/Waterberg in kombinasie aanvaar. Sy bevestiging vind op Saterdag 3 Mei 2025 om 15:00 in Vaalwater plaas, met sy intreepreek op 4 Mei om 09:30. Op Sondag 11 Mei 2025 om 09:00, word hy in Waterberg ontvang.

**Ds Anneri Viljoen-Potgieter** van die NG Gemeente Hugenoot se kontrak is op 31 Maart 2025 beëindig. **Ds George Whitehead** van die NG Gemeente Hospitaalpark het op 31 Maart 2025 sy dienstermyn beëindig. **Ds HJ van Schalkwyk** het op 31 Maart 2025 emeriteer.

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# Kerkwees op vlug

**ALGEMEEN**
NG Gemeente Universitas-Wes
*Ds Hannes du Plessis*



***Foto:** Ds Hannes du Plessis (verskaf)*

*"... dat ek nie net bedien is nie, maar self ook kon dien."*

OR Tambo lughawe is nie dieselfde as Bram Fischer lughawe nie. Ek was laat vir my vlug. In 'n gejaagd-hygende drafstap kyk ek weer na my horlosie. 14:28. Ek behoort dit te maak, maar genade, nee. By die sekuriteitshekke staan 'n lang ry. Ek oorweeg dit om verby almal te druk en in die verbygaan te skree: Ek is laat! *I'm late!* Maar ek besluit daarteen. Ek wag maar totdat ek uiteindelik, ongeduldig en angsbevange, by die sekuriteitshek kom. Haal asem, kalmeer. Daar is niks wat jy nou kan doen nie.

By die hek waar ek in die ry val, is daar oponthoud. 'n Sekuriteitsbeampte haal 'n knipmes uit iemand se sak. Nou redeneer hulle daaroor, en ek is laat. *You must be kidding me*. Dit ook nog. Uiteindelik is ek deur. Ek onthou dat die vrou by die *check-in* vir my genoem het dat die vliegtuig nie 'n toilet het nie. Waarom sal die vliegtuig nie 'n toilet hê nie? Ewe skielik het ek 'n hengse nood. Maar daar's nie tyd nie. Ek kyk teësinnig-bang na my horlosie. O magtig. 15:35. Wat doen ek as ek my vlug verpas? Nou moet ek beweeg!

Ek loer na die "boarding gate" nommer op my kaartjie. E1. Dit kan nie ver wees nie. Net toe ek opkyk, probeer 'n verkoopsman my stop. *"Sir, it looks like you need a ..." "No I don't!"* snou ek hom toe. In die verbygaan: *"Sorry I'm late!"* Die eerste "boarding gate" wat ek kry is D5&6. OK, dink ek. Na D kom E. Hou net aan. Stap. Vinnig. Loer so nou en dan weer na die *boarding gate* nommer. D18&19. Hoe blerrie lank is hierdie ry D-hekke? Later sien ek die einde van die vertrek. Geen E-hek in sig nie. Ek swets onder 'n gejaagde asem. Wat nou? Vra iemand ... *"Ma'am, where can I find gate E?"* Vrystaat-Engels sukkel onder my moeë asem. *"Go back, escalator down. Floor below this one."* Great!

**Lees** meer »

# 'N UITNODIGING TOT STILTE

*vir jou*




hier sal die stilte jou vind en jou help om weer te hoor

**JULIE | 27-29 | 2025**

verblyf | etes
begeleide en onbegeleide tye vir stilword
persoonlike gesprek
vryheid om in die vlaktes in te stap

**KONTAK DS LOUWRENS SCHEEPERS 072 115 0057**



FREE EVENT

DOOR CLOSES AT 18H05

# SURRENDER

JOHN 4:23-24

## A MARATHON WORSHIP EVENING

[With both Afrikaans and English songs]

| SAT, MAY 24th | 06 PM>09 PM |
|---|---|
| THE BIBLE HOUSE, BLOEMFONTEIN | |

0825001259

[ESSENTIAL THAT TODLERS/KIDS ARE SUPERVISED AND QUIET PLEASE]



# KONTAK ONS

## REDAKSIE


**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit


## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321


© 2025 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

NG Kerk
Vrystaat

NG KERK VRYSTAAT | © 2025

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING